NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 4
5 Februarie 2026

# Brief van die NHKA en NGK aan die GKSA

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die redaksie van *Blitspos* plaas hierdie week die brief wat die NHKA en NGK aan die GKSA gestuur het op die voorblad. Dit is belangrik dat lidmate daarvan kennis neem.**

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Dr Wouter van Wyk
Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
Posbus 2368, Pretoria 0001
+27 (12) 322 8885
wouter@nhk.co.za

Dr Nioma Venter
Algemene Sekretaris: Algemene Sinode
H/v Pretorius en Jan Shoba straat
+27 (12) 342 0092 / +27 76 553 1831
niomav@ngkerk.org.za

30 Januarie 2026

Deputate Ekumene (Binnelands)
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA)

**VERSOEK OM GESPREK**

Geagte broers in die geloof,

Ons dink met groot waardering aan julle as medegelowiges met wie ons langer as 'n eeu en 'n half al 'n besonder noue band het. Ons is diep onder die indruk daarvan dat al drie ons kerke 'n gemeenskaplike herkoms het, dieselfde belydenisse onderskryf, en in soveel verbande al met mekaar saamgewerk het. In ons verkondiging van die evangelie van Jesus Christus deel ons 'n roeping in die wêreld wat dikwels van God vergeet, en werk ons plaaslike gemeentes (kerke) meermale baie hartlik met mekaar saam. Ons harte word warm wanneer ons aan gesamentlike ondernemings soos Bybelvertaling, godsdiensonderrig op skool, die viering van 500 jaar sedert die Reformasie en maatskaplike dienswerk dink. Ons getuig oor dekades saam teenoor owerheid en onderdaan, ons aanbid God in dieselfde taal, ons is met bande van bloed en liefde aan mekaar verbind.

Juis daarom vind ons dit hartseer dat die bande tussen ons drie kerkverbande oor die afgelope dekade of wat al losser geword het. Sedert die gesamentlike viering van Reformasie 500 in 2017 het geen byeenkoms van die Tussenkerklike Raad (TKR) plaasgevind nie en kon enkele verteenwoordigers van die drie kerke slegs sporadies ontmoet. Die ontwrigting van die COVID-pandemie het sekerlik hierin 'n rol gespeel; ook landsomstandighede en die debatte daaroor, soos ook besluite van sinodes van ons kerke en persepsies dáároor. Die GKSA se eensydige kansellasie van 'n byeenkoms van die TKR op kort kennisgewing in 2025 was vir die NG Kerk en Hervormde Kerk (NHKA) 'n groot teleurstelling.

Die GKSA se Deputate Ekumene (Binnelands) het gedurende 2025 afsonderlike gesprekke aangevra met die Algemene Sinode Moderamen (ASM) van die NG Kerk en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) van die Hervormde Kerk (NHKA). Die NG Kerk se ASM het hulle ontmoeting met die GKSA se deputate as spanningsvol beleef, terwyl die Hervormde Kerk teleurgesteld was dat geen verteenwoordiger van die GKSA hulle Algemene Kerkvergadering 'n maand later bygewoon het nie en daar ook geen groeteboodskap van die GKSA ontvang is nie.

Die NG Kerk was ook teleurgestel dat geen opvolggesprek (soos hulle versoek het) met die deputate gevoer kon word vóór die GKSA se sinode van 5 tot 10 Januarie 2026 nie, en dat dié sinode volgens berigte die ooreenkoms van samewerking tussen die GKSA en die NG Kerk opgeskort het. Hoewel die NG Kerk en die Hervormde Kerk beide genooi is om geskrewe groeteboodskappe aan die GKSA se sinode te stuur, het daar nie 'n amptelike uitnodiging gekom om verteenwoordigers van ons twee kerke na die geleentheid te nooi nie.

Die NG Kerk en Hervormde Kerk wil daarom vra watter implikasies hierdie verwikkelinge vir ons pad vorentoe as gereformeerde kerkfamilie in Suider-Afrika inhou, en spesifiek die besluite van die GKSA se 2026-sinode vir die voortbestaan van die TKR. Ons sal graag hieroor 'n dringende gesprek met die Deputate Ekumene van die GKSA wil voer.

Dit gaan egter ook oor méér. Ons het in bogenoemde ontmoetings van albei ons kerke se moderature met die deputate van die GKSA daarvan bewus geword dat ons ingrypend van mekaar verskil oor die roeping en gawes van vroue in die Kerk van Christus, en hul teenwoordigheid, waardigheid en bydraes in kerklike ampte, leierskap en vergaderings. Ons kan nie anders as om hierdie gedeelde ervaring in verband te bring met die drastiese besluite van die GKSA se afgelope sinode oor vroue in die amp nie. Dit is duidelik dat die GKSA se besluit teen vroue in die amp in radikale kontras staan met besluite en die praktyk wat reeds dekades lank in die Hervormde Kerk en NG Kerk geld, asook in ander gereformeerde kerke in Afrika, Nederland en in die wêreld, soos dit weer in Oktober verlede jaar by die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (*World Communion of Reformed Churches, WCRC*) se Algemene Vergadering in Chiang Mai, Thailand, bevestig is.

Op hierdie punt kan die NG Kerk en die Hervormde Kerk nie anders nie as om te stel dat dit om 'n wesenlike teologiese verskil tussen ons en u 2026-Sinode gaan. Die GKSA se besluit om by 'n vorige standpunt teen vroue in die amp te volstaan en van gemeentes, leraars en lidmate volledige instemming daarmee te verwag of om hulle dan andersins as "ongehoorsaam aan Christus" en "losgemaak uit die kerkverband" te beskou, druis volgens ons in téén die Here Jesus Christus se radikale insluiting van alle mense in sy binnekring, die opmerklike teenwoordigheid van vroue by sleutelmomente in sy lewe en bediening, en die feit dat Hy self vroue as eerste draers van die nuus van sy opstanding uitgestuur het – in teenstelling tot die waardes van sy tyd. Dit spreek volgens ons ook uit die boek Handelinge en ander geskrifte uit die vroeë Kerk, en ons vind daarom die GKSA se verwysing na enkele teksverse uit die briewe van Paulus in hierdie verband 'n verskraling van die Nuwe Testamentiese boodskap oor vroue en hul geseënde rol in die Kerk van Christus.

In ons gereformeerde hermeneutiek en eksegese is dit gemenesaak dat enige teks geïnterpreteer moet word teen die agtergrond waarbinne dit ontstaan het én die wêreld waarbinne dit tans gelees word. Deur die Skrif sáám met mekaar te lees – mans en vroue en medegelowiges in ander gereformeerde kerke – word ons gelei tot dieper insig in die boodskap daarvan en word ons weerhou van die gevaar om tot slegs één gevolgtrekking oor die toepassing daarvan te kom. Só lei Christus ons deur sy Woord en Gees om waarlik Kerk te wees (Heidelbergse Kategismus Sondag 21, Vraag 54 en 55); méér as net 'n uitdrukking van wat elders in ons kultuur of samelewing gevestig geraak het en wat dikwels medegelowiges – in hierdie geval vroue – hul waardigheid, rol en roeping ontsê. Ons wil eerder uit ons ervaring getuig van die unieke gawes wat vroue van God ontvang het en hoe Hy hulle as getroue getuies, toegewyde eksegete en verkondigers van die Woord, luisteraars met 'n simpatieke oor en empatiese ampsdraers op 'n verskeidenheid maniere in ons kerke gebruik.

Vir ons is die enigste weg om die spanning wat klaarblyklik nou hieroor tussen die GKSA en ons bestaan, te hanteer, dié van eerlike en openhartige gesprek. Ons wil mekaar sonder voorbehoud as volgelinge van Jesus Christus ag, mekaar oproep tot wedersydse respek, en ons lidmate aanmoedig om steeds met waardering en deernis in plaaslike verband saam te werk in hul getuienis oor die liefde van God vir alle mense. Ons rig hierdie versoek om gesprek tot u as Deputate Ekumene daarom ook as 'n boodskap ter bemoediging aan ons broers en susters, lidmate en leraars in die breër gereformeerde kerkfamilie in Suider-Afrika. Laat ons volhard in ons Christelike getuienis, en die kosbare verhoudings wat daar bestaan, bly koester.

Dit is ons opregte wens dat 'n spoedige ontmoeting met die uitgebreide Deputate Ekumene en belangrike leiersfigure in die GKSA ons onderlinge verhoudinge met mekaar sal kan bestendig, en sien daarom uit om hieroor van u te verneem.

Ons groet u as broers en susters in die Naam van ons Here, Jesus Christus.

Seënwense,



**Dr Wouter van Wyk**
***Sekretaris: Kommissie van die AKV***



**Dr Nioma Venter**
***Algemene Sekretaris: Algemene Sinode van die NG Kerk***



Oudl Tok en Petra Dreyer

## Lief en leed

- Die Kerk het met hartseer verneem van die afsterwe van **oudl Tok Dreyer** op 1 Februarie. Hy was vir jare 'n steunpilaar in Gemeente Villiers. Sy toewyding, organisasievermoë en harde werk, ook deur moeilike tye, het die voortbestaan van die gemeente verseker. Hy het lank op die Ringskommissie van die ring van Hoëveld as ringskassier gedien. Sy afsterwe is is 'n groot verlies vir die gemeente en ook vir die NHKA. Ons opregte simpatie aan sy vrou, Petra, en sy seun en skoondogter, Johan en Lizelle Dreyer, kleindogter Loraine, dogter en skoonseun Christien en Gerhardus Engelbrecht, kleindogter Luanri en kleinseun Drihan.
- Die volgende predikante verjaar tot 13 Februarie. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.
  - Vrydag 6 Februarie: Dr AMT (Andorette) van der Westhuizen (emeritus) en ds JA (Johan) Holtzhausen (Vryburg)
  - Sondag 8 Februarie: Ds AJH (Jakkals) Janse van Rensburg (emeritus /Paarl)
  - Maandag 9 Februarie: Di D (Dolf) Bester (nie-diensdoende predikant), IF (Erika) Ferreira (Rustenburg-Tuine), LH (Lydia) Miller (Villiers), F (Ferdie) Nortjé (emeritus) en F (Freddie) Nortjé (emeritus/Bergsig)
  - Dinsdag 10 Februarie: Di D (Dalené) Lourens (Selcourt/Springs-Noord) en IJ (Jaco) Vogel (Rooihuiskraal)
  - Woensdag 11 Februarie: Ds MS (Marius) Jansen van Vuren (emeritus)
  - Donderdag 12 Februarie: Ds PB (Pieter) Viljoen (emeritus)



Prop Peet Bloem

## Gemeentes en bediening

- **Prop PJ (Peet) Bloem** (beroepafwagtend) het 'n beroep na **Secunda** (deeltyds) ontvang. Hy het die beroep aanvaar en word op 1 Maart bevestig.



Ds Rue Hopley

- **Ds R (Rue) Hopley** (Pretoria-Oos) het die beroep na **Wapadrant** aanvaar.



Ds Steve Oxton

- **Ds S (Steve) Oxton** van (Wapadrant) het 'n beroep na **Swartkop** ontvang. Hy het die beroep aanvaar en word op 1 Maart bevestig.
- **Prof MJ du P Beukes** se **60-jaar-ampsjubileum** word op **8 Februarie** om 08:30 by **Gemeente Villieria** gevier. Belangstellendes is welkom om die geleentheid by te woon.

## Werksgeleenthede

- Werksgeleentheid by die Sinodale Dienssentrum: Personeelbeampte
  **Sluitingsdatum vir aansoeke**:13 Februarie 2026

  Ons benodig die dienste van 'n bekwame personeelbeampte om die span by Menslike Hulpbronne te versterk en die NHKA se adminsitratiewe en finansiële verantwoordelikhede na te kom.

  **Vaardighede:**
  - Sterk diensgeorienteerde ingesteldheid en vaardighede
  - Akkuraatheid en detail

  **Posvereistes:**
  - Matriek
  - Tersiêre kwalifikasie of ekwivalent in salarisadministrasiestelsels
  - Ten minste twee jaar ondervinding in 'n salarisbetalingsomgewing wat belastingaangeleenthede insluit met verkieslik ervaring in die gebruik van VIP en Sage payroll
  - Ondervinding in Microsoft excel
  - Bewese in algemene administrasie en rekordhouding

  **Ons bied:**
  - 'n Mededingende vergoedingstruktuur en voordele.
  - 'n Stimulerende werksomgewing wat persoonlike en professionele groei bevorder.

  **Hoe om aansoek te doen:**
  Stuur jou CV aan **mannekrag@nhk.co.za**. Gebruik asseblief die postitel, *Personeelbeampte*, as onderwerp van jou e-pos. Aansoeke moet teen **13 Februarie 2026** ingedien word. **Kontak** mev Susan Moore of mnr Pieter Maree by **012 322 8885 vir enige navrae.**

## Vergaderings

- Vrydag 6 Februarie: Moderamenvergadering
- Vrydag 13 Februarie: Oudit- en Risikokomiteevergadering

## Kerklike en ander publikasies













## Kom kyk saam




- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe.

## ’n Gedig


[3]Stuur u lig en u waarheid;
laat dit my lei.
Laat dit my bring
na u heilige berg,
na die plek waar U woon.
[4]Ek sal ingaan
na die altaar van God,
na God,
die bron van vreugde
en blydskap.
Ek sal U loof met die harp,
o God, my God!

**Psalm 43: 3-4 (NLV)**

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Gemeente Seester** bied op **20 Februarie** ’n gholfdag by die Glenvista-baan aan. Kostes beloop R2 400 per vierbal wat ’n halfweghuisbewys, aandete en prysuitdeling insluit. Karretjies kan op eie koste bespreek word. **Kontak gerus vir Martin by 079 743 5216 vir meer inligting.**

## Toerusting




## Jeug- en studentesake



## Barmhartigheid

- **Deurkollekte Sondag 8 Februarie** – NHSV-Studieleningsfonds: ’n Belegging in die toekoms van ons jongmense.

  Die NHSV, as diensorgaan van die NHKA, is dankbaar dat ons ’n rol in die ontwikkeling van een van Suid-Afrika se grootste bates, ons jongmense, mag speel.

  Deur die NHSV-Studieleningsfonds word studente van die Kerk finansieel ondersteun om tersiêre studies in enige studierigting te kan aanpak. Lenings en beurse word aan studente met besondere meriete en uitstaande prestasies in akademie, kultuur en sport toegeken.

  In 2025 kon ons, danksy die ruim ondersteuning van ons gemeentes, 38 studente help met ’n totale bedrag van R572 000 in studielenings, merietebeurse en prestasiebeurse. Tydens die deurkollekte in Februarie 2025 is R149 904.36 vanaf gemeentes ingesamel, waarvoor ons opreg dankbaar is.

  Op **Sondag 8 Februarie** kry lidmate weer die geleentheid om hierdie belangrike fonds deur ’n spesiale deurkollekte te ondersteun. Elke bydrae help ons om in 2026 nóg studente se drome moontlik te maak.

  **Bankbesonderhede** vir deurkollekte-inbetalings:

  Bank: ABSA
  Rekeningnaam: NHSV Hoofbestuur
  Rekeningnommer: 4051454181
  Takkode: 632005
  Verwysing: Gemeente se naam + deurkollekte

  Baie dankie vir u betrokkenheid en ondersteuning. Saam bou ons aan ’n hoopvolle en geseënde toekoms vir ons Kerk en ons land.

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Hemelse Vader,

Dankie dat U vír ons is,
en niemand teen ons kan wees.


In u liefde is ons meer as oorwinnaars,
selfs te midde van ons verliese en stryd.

Help ons om altyd u krag en teenwoordigheid te voel,
sodat ons as wenners kan leef, ongeag ons omstandighede.

U liefde maak ons sterk,
en ons eer U daarvoor.

Amen

boodskapvirvandag.co.za/oorwinnaar-gebed/




Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel
Joernalis: Ds Iwana Kruger